higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1090**(A)**(J7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEMARKINGSBESTUUR N6

(4030076)

7 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BEMARKINGSBESTUUR N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: 50
   AFDELING B: 150

2. AFDELING A IS VERPLIGTEND.

3. AFDELING B: Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur.

6. ALLE vrae moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.

7. Trek ’n lyn onder elke vraag.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

LANSERIA-LUGHAWE GERIG OP MASSIEWE GROEI

Lanseria Internasionale Lughawe in die noorde van Johannesburg beoog om hul aantal passiers na meer as vier miljoen te verdubbel binne die volgende ses jaar, het hul HUB, Rampa Rammopo, gesê. Lanseria, wat Suid-Afrika se vierde grootste lughawe uit 21 belangrike plaaslike lughawens is op grond van die aantal passasiers, het verlede jaar net meer as 1,9 miljoen passasiers vervoer, en daar word voorspel dat dit teen 2022 tot net meer as vier miljoen passasiers gaan groei.

Dit gaan waarskynlik veroorsaak dat Lanseria die Koning Shaka Internasionale Lughawe in Durban gaan verbysteek as die derde grootste lughawe naas die Kaapstadse en OR Tambo-lughawe. Om die beoogde groei te bereik, sal die Lanseria-terminaalgebou en -parkeerspasie uitgebrei moet word, die lughawe se brandstofplaas en tegniese fasiliteite sal verplaas moet word en sy algemene infrastruktuur sal opgradeer moet word.

Rammopo het gesê die lughawe maak tans slegs vir binnelandse roetes voorsiening. Die kommersiële vlugte wat vanaf Lanseria vertrek, wat in 1974 ontstaan het, se bestemmings is hoofsaaklik Kaapstad of Durban maar ook George, het hy bygevoeg.

Drie ekonomiese lugrederye bedryf vlugte vanaf Lanseria; Mango, Kulula en FlySafair kommersiële lugrederye vlieg sedert 2006 vanaf Lanseria toe Kulula hul bedrywighede daar begin het, gevolg deur Mango in 2010 en FlySafair in 2016.

'Ons visie is die voorsiening van streekslughawebehoeftes, hoofsaaklik vir die SA Ontwikkelingsgemeenskap en die sub-Saharastreek. Lanseria is in gesprek met Air Namibia, Kenya Lugredery, Air Mauritius en Air Botswana om na en vanaf die lughawe te vlieg.'

Die nuutste Gautrain-lewensvatbaarheidstudie kyk daarna om die sneltreinfasiliteit uit te brei om 'n halte by Lanseria-lughawe in te sluit, maar dit gaan dalk nie binne ten minste die volgende 10 jaar gebeur nie. 'Ons verkoopspunte, aan die lugrederye, is die maklike toegang en gerief. Dit vat net 'n rukkie tussen die vliegtuig en jou motor en ons het beperkte kleinhandelaanbiedings.' 'n Ander geleentheid wat Lanseria ondersoek, is doelgerigte vragfasiliteite.

Die lughawe word privaat besit deur die Openbare Beleggingskorporasie, die Pan-Afrikaanse Infrastruktuurontwikkelingsfonds en Nozala Beleggings.

[Bron: *City Press (Sake)* 27 Augustus 2017]

1.1 Noem DRIE mededingers van Lanseria-lughawe soos genoem in die scenario. (3 × 2) (6)

1.2 Noem DRIE lugrederye wat vanaf Lanseria-lughawe vlieg. (3 × 2) (6)

1.3 Wie is Lanseria-lughawe se teikenmark? Ondersteun jou antwoord met 'n aanhaling uit die scenario. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

1.4 Volgens die hoofklassifikasie van diens, onder watter kategorie val Lanseria-lughawe? (2)

1.5 Noem en gee voorbeelde van VYF ander klassifikasies van diens. (5 × 2) (10)

1.6 Wys hoe 'n lugredery soos Mango die volgende verkoopspromosie-hulpmiddels kan gebruik om hul diens te promoveer:

1.6.1 Gratis besoek, konsultasie of monsters

1.6.2 Geldkortingprysaansporings

1.6.3 Koepon/Geskenkbewys

1.6.4 Gratis geskenk

1.6.5 Kompetisies

(5 × 2) (10)

1.7 Wys hoe Lanseria-lughawe hulself van hul mededingers kan onderskei met behulp van differensiasiemetodes. (4 × 3) (12)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem en verduidelik VYF komponente wat kliënte kan gebruik om Lanseria-lughawe se diensgehalte te evalueer. (5 × 3) (15)

2.2 Gee 'n volledige verduideliking van die Ondernemingsterkte-/Markaantreklikheidsmatriks wat deur McKinsey, 'n konsultant vir General Electric, ontwerp is. Gebruik die volgende formaat:

2.2.1 Teken die struktuur van die Markaantreklikheids/Onderneming-sterktematriks. (10)

2.2.2 Noem VYF faktore wat aan elke dimensie behoort. (5 × 2) (10)

2.2.3 Een van die strategieë wat vir hierdie matriks gebruik kan word, is belê om te behou.

Noem en gee 'n kort beskrywing van die ander VYF strategieë wat van toepassing op die Ondernemingsterkte/Markaantreklikheids-matriks is. (5 × 3) (15)

[50]

VRAAG 3

3.1 Gee 'n kort verduideliking van en wys met behulp van voorbeelde hoe Toyota-motorvervaardiger die volgende groeistrategieë kan gebruik:

3.1.1 Groei in bestaande mark

3.1.2 Groei deur produkontwikkeling

3.1.3 Groei deur markontwikkeling

3.1.4 Integrasie

(4 × 4) (16)

3.2 Lanseria-lughawe is 'n besigheidskoper. Wys die eerste AGT stappe wat hulle kan volg wanneer hulle industriële produkte koop. (8 × 2) (16)

3.3 Lanseria-lughawe is in gesprek met Air Namibia, Kenya Lugredery, Air Mauritius en Air Botswana om na en vanaf die lughawe te vlieg. Hoe kan hierdie lugrederye by Suid-Afrika aanpas in terme van die volgende bemarkingstrategieë:

3.3.1 Produkaanpassing

3.3.2 Prysaanpassing

3.3.3 Reklame-aanpassing

(3 × 6) (18)
[50]

VRAAG 4

4.1 Gee 'n kort verduideliking en gebruik praktiese voorbeelde om te wys hoe Mango Lugredery die volgende koopmetodes kan gebruik wanneer hulle hul industriële produkte koop:

4.1.1 Beskrywing

4.1.2 Inspeksie

4.1.3 Steekproefneming

4.1.4 Onderhandeling

(4 × 4) (16)

4.2 Mango Lugredery kan besluit om tot die begrafnisdekkingsbesigheid toe te tree as deel van 'n diversifikasiestrategie.

4.2.1 Verduidelik die term *diversifikasie.* (2)

4.2.2 Is dit verwante of onverwante diversifikasie? Waarom? (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.2.3 Noem VIER bestuurstake wat Mango Lugredery se bemarkings-bestuurder moet verrig. (4 × 2) (8)

4.3 Gee raad aan die Lanseria-lughawebestuur aangaande die voordele wat hulle uit internasionale handel kan trek. (6 × 2) (12)

4.4 Noem VIER prysstrategieë wat Mango Lugredery kan gebruik om pryse vir hul dienste vas te stel. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende eienskappe van industriële aanvraag:

5.1.1 Afgeleide aanvraag

5.1.2 Elastisiteit van aanvraag

5.1.3 Ingeligte kopers

5.1.4 Relatief min geografiesgekonsentreerde kopers

(4 × 2) (8)

5.2 As Lanseria-lughawe nog 'n lughawe in enige ander land wil oopmaak, is een alternatiewe intreestrategie om te gebruik buitelandse lisensiëring.

5.2.1 Verduidelik die term *buitelandse lisensiëring*. (4)

5.2.2 Noem VIER voordele daarvan om buitelandse lisensiëring as intreestrategie te gebruik.

(4 × 2) (8)

5.3 Gee 'n kort verduideliking van die volgende marksegmentasiebasisse:

5.3.1 Soorte koopsituasies

5.3.2 Koopbenaderings

5.3.3 Operasionele veranderlikes

5.3.4 Soorte markte

5.3.5 Grootte van kliënt

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.4 Noem VYF voordele wat Lanseria-lughawe daaruit kan kry deur voortdurend die omgewing te skandeer of ontleed. (5 × 2) (10)

5.5 Noem en verduidelik VYF eienskappe van dienste. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou